Skriflesing: Markus 2:23 – 3:6; Hebreërs 4:1-13
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 38**
Teks: Markus 2:27-28; Hebreërs 4:9-10
Sing- SAMESANG: Ps 26:1,5
TYDENS EREDIENS: Ps 92:1, 7 ; Ps 84:6; Ps 122:1

Waarom doen ons goeie werke? Broeder en suster, u moet nie ons antwoord uit Sondag 32 vergeet nie. Ons moet met ons hele lewe kan wys dat ons God dankbaar is vir al sy goeie werke. Christus het ons deur sy bloed gekoop en vrygemaak, maar word ons ook deur Sondag 32 gebring dat ons deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe word. Wanneer ons weer dit besef dat ons vry is om na die beeld van Christus te verander, God maak ons vry en Hy gee die verandering, dan kom die vierde gebod weer terug in ons harte. Ons is verlos om weer die sabbat te mag vier.

Die sondeval het dit van ons weggeneem. Die paradys het die sabbat geken, daar waar die Here Hom oor sy werke verbly het. Die sabbat is ’n skeppings instelling, ’n skeppings ordinansie. God wat gesien het dat alles wat Hy gemaak het dat dit baie goed was, en dan is die sesde dag verby. Dit het vir God sabbat geword en eie aan die werke van God, God wat in alles verbondsmatig werk, God wil die mens in Sy sabbat laat deel. God het sy werke geseën en geheilig, en die mens moet daarin deel. Die sabbat as teken, verbondsteken het die hoogste karakter van God Self by die mens wou inlyf. Die mens wat na die beeld van God geskape is moes ook die ritme van 6 en 1 verkry, want vir alle tye en alle mense is hierdie ritme ’n geskape vasstelling. Ritme is ’n wetmatigheid!

Om in God se skepping en in God se blydskap te deel, en om in die goeie van die totale skepping te kon ingaan is Sabbats werke, dis goeie werke! God laat die mens sy Sabbatsrus ingaan as deelgenoot van sy skeppings vreugde. Die Woord sabbat beteken dan ook om saam met God fees te mag vier, om in God se rus te mag ingaan. Rus en vreugde sal altyd in die sabbat saamgaan.

***

Toe dit nag word omdat die mens in sonde geval het toe is die rus en die vreugde en dankbaarheid wat eie aan die Sabbat was ook weg. Deur ons sonde is die skepping vervloek maar ook die bestaan van die mens is vervloek en ons is van die Sabbat uitgestoot. Die koms van Christus het deur sy Heilige Gees die troosryke Sabbats

betekenis ons weer geskenk. In Christus wil God weer die volle vreugde ook oor sy skepping terugbring en God wil Hom oor al sy werke verbly en al God se werke sal altyd goeie werke wees. Christus het gekom dat ons waarlik weer die Sabbat sal kan vier. Saam met Hom in sy vreugde, saam met Christus kan wegkom van die sonde, ja dat ons kan rus van al ons sondes. Christus het nie alleen vir ons die Sabbatsrus teruggebring nie, maar Hy het ook weer die sabbatswet in ons harte geskrywe.

As Sondag 32 jou belowe dat goeie werke deur die Heilige Gees gebeur en jou tot die beeld van God vernuwe dan is dit so tragies verkeerd om die vierde gebod te lees asof dit eintlik ’n verbod is om werklik die lewe te mag geniet. Terwyl Sabbat juis insluit vreugde en rus Hoe baie mense misplaas totaal en al die betekenis van die sabbat deur dit te maak ’n dag van jy mag nie dit doen nie, of jy mag nie dat doen nie. Kyk baie mooi weer na die Kategismus en dan sommer reeds in ons belydenis se vraagstelling. Daar word gevra – **Wat gebied God in die vierde gebod…**hier word nie gevra wat verbied God nie! Dit gaan oor werk wat daar gedoen moet word. Die sabbat is werkersdag, want elke gebod na die vierde gebod het altyd ook weer met die vierde gebod te make.

Die vyfde gebod wat die naaste aan die vierde gebod staan en wat juis daaruit voortkom is die gebod wat handel oor die huis en oor skole en oor gesag. Hierdie twee gebooie, die vierde en vyfde gebod sal in baie gevalle baie nou saamgelees moet word, trouens hierdie is die enigste twee gebooie waarin God baie duidelik praat van dinge wat Hy gebied en nie wat Hy verbied nie. Daar word niks gepraat van JY MAG NIE, maar daar word baie duidelik gepraat van JY MOET- Jy moet *gedenk* en jy moet *eer*…Alles so geheel en gunstig- *Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig…*en soos ons reeds besef die vyfde gebod kan nie sonder die vierde gebod staan nie- die vyfde gebod- *Eer jou vader en jou moeder*- want hierdie eer gaan betekenis in terme van dae in jou lewe verkry…Eers is dit net één dag wat ter sprake kom- Sabbatdag…daarna is daar verlenging van dae! *Eer jou vader en jou moeder dat jou dae verleng mag word…*

Elke dag in terme van verlengde dae sal eintlik elke keer na die Sabbatdag as verbondsdag teruggryp. Wat sal al die verlengde dae vir jou beteken as die Sabbatdag nie

eerste sy betekenis verkry nie. En daarom moet ons die sabbatdag waarlik sien as verbondsteken. God stel ’n verbondsteken in as Hy die sabbatdag instel.

So moet elke een ook vandag hier besef die vierde gebod stel die teken in en die vyfde gebod seën hierdie teken. Op grond van ’n dag (4de gebod) ontvang die kind dae…!(5de gebod) Kinders wat in die huis is en in die skool is en in die kerk is, ja alle skoolonderrig en alle kerkonderrig (Woordbediening) ontvang in die midde van hulle bestaan dieselfde verbond en dieselfde teken van die verbond nl. ’n dag- die sabbatdag. Daarom dat ons belydenis geen fout maak as daar oor die 4de gebod gehandel word dan word daar dadelik eintlik iets van die vyfde gebod ingebring. Skole! **God wil dat die Woordbediening en die skole in stand gehou moet word…**

Hierdie skole is daardie Laerskooltjie op Kromdraai maar ook die Hoërskool op Wonderboom, elke skool vir ’n gedoopte kind van God tot by die tersiêre en die teologiese skole, kan nie sy bestaan van die 4de gebod losmaak nie. Trouens die 5de gebod waar dit gaan om ouers se gesag en skoolhoofde se gesag en onderwysers se gesag, ja die Goddelike instellings van gesag berus in die Goddelike instelling van ’n dag, die sabbatdag. Dit berus ook in die amp. Wie waarlik ’n geroepe onderwyser is kan net Christus bedien, sy gesag wat bedien moet word, sy rus wat bedien moet word, die skole en hulle onderwysers waarvan die Kategismus hier praat staan amptelik deur Christus geroep in Christus se diens. Die groot Onderwyser, die Leermeester wat voor in die klas gedien wil word, Hy is die Een wat moet onderrig. Die onderwyser in die skool kan nie Christus vervang nie, Christus bly die enigste Leermeester, ook die enigste troos vir elke onderwyser is om net Hom te bedien. Daarin vind alle gesag en alle gesag instellings van God ook hulle rus!

Die Kategismus is so noukeurig in sy keuse van woorde want bely ons die sentrale dag stel nie net die sentrum vir gesag nie maar die sentrale dag stel ook die sentrum van die lewe van Maandag tot Saterdag.

Op die rusdag kom die sentrum van rus, God wat sy sabbat hou, na my toe en met hierdie rus gaan ek dan na die lewe toe. Soos die Kategismus dit stel- op die Sondag **moet ek ywerig met die gemeente van God saamkom,** maar dan het dit alles ook met Maandag, Dinsdag, tot Saterdag te make. Ek moet elke dag, van die verlengde dae van die 5de gebod, ook rus, **ek moet van my bose werke rus**. God se rus en God se fees, die feesvreugde van die gelowige word Sondag geraffineer om in die week versprei en verfyn te word. Dit gee aan die Sondag sy eie plek, ja, maar God se vreugde sal nooit afgestomp en sommer afgeënt kan word nie, ons skei mos nie genade van die natuur nie. Die natuurlewe wat God my as kind daarbuite skenk, ook in terme van Sondag 37, ek moet God se Naam ook in die howe kan heilig, so moet ek God se dag ook in die huise, skole heilig. Die Kategismus stel dit eintlik so duidelik as ons bely- **So begin die ewige Sabbat reeds in hierdie lewe.**

Nie vir ’n oomblik het dit nog gehandel oor dinge wat ons op die Sabbat nie mag doen nie, maar is ons heeltyd besig met wat gedoen moet word. Elke dag gedoen moet word- **Ek moet elke dag van my lewe van my bose werke rus**. Die nog groter wonder sal dan elke dag met my kan gebeur- Elke dag **moet ek die Here deur sy Gees in my laat werk.** Dit alles is alleen moontlik omdat daar ‘n verbond is en hierdie verbond het as teken die Sabbat, en die sentrale van die verbond gee sigbaar uitdrukking aan wat ons op die Sondag tydens die erediens moet doen. God kom na ons op die Sondag met ’n besondere feesprogram- **Die Woord van God moet gehoor word, die sakramente moet gebruik word, ons moet die Here openlik aanroep,** en die laaste staan nie los of buite die erediens nie- nl. **die gee van die Christelike liefdegawes.** Die Duitse teks praat van “Christlich almosz zu geben” en die Nederlandse teks lees “ende den armen Christelicke handtreyckinghe te doen”…Dit is ’n feesprogram wat plaasvind. Ons ontvang sewevoudige blydskap.

Hierdie is alles dinge wat God op die feesprogram sit. God wil die kerkdeure sien oopgaan en die predikant op die kansel sien. Die Woord bly sentraal. God kom in die prediking na ons, nie in dit wat die mistiek is, of dit wat mense se gevoel ekstase hulle wil wysmaak nie, maar die prediking waar ons God in sy Woord ontmoet en so kan ons

in sy vreugde ingaan. Op ’n besondere wyse word ons deur die Gees van Christus vernuwe dat ons vir God die dankbaarheid kan bewys vir die verlossing waarin God tot ons wil spreek.

Nie vir ’n oomblik mag ons dit vergeet of nalaat dat alle inisiatief die van God Self is nie. God gee Self die kragtige motief waarin dit alles veranker lê, want kom dit van God Self- *… in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak en die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.*. Die totaliteit en afhandeling van die skepping gee rus en gee seën, God heilig Self die sewende dag en soos dit ’n geheiligde dag is en so moet ons ook in die viering van die dag God navolg in die heiliging daarvan. Dit is ’n dag wat God Self uitgekies en bepaal het, God gee vir ons die feesprogram, Hy reik Self die feesprogram uit, en God maak ons sy feesgenote.

Ons word deur ons verklaring van die Heidelbergse Kategismus by hierdie gebod werklik na Christus heengewys. Ons vier nou die dag in Hom. Ons mag die dag nie meer onderhou soos Israel in die Ou Testament die Sabbat gevier het nie. Juis in die lig van Christus se soenverdienste moet ons die verlossingswerk van Christus geheel en al hierdie dag inlees. Christus staan beslis nie in spanning met die dag nie, maar Christus gee die dag sy volle betekenis, ja sy finale betekenis. Die Sabbat in die ou verbond was hoofsaaklik gekoppel aan die feit om geen werk op die dag te doen nie, want die sondeval het werk swaar gemaak, moeitevolle arbeid het die Israeliet vasgedruk, net deur harde werk sal jy kan eet (vgl. Gen3:19). Daar was ’n vloek aan die mens se arbeid gebind, want het die harde werk in die ou verbond ingesluit dat nie die arbeid per se die rus uit jou lewe uitgesny het nie, maar die rusvreter is die sonde, dit is dieselfde sonde wat ook aan die arbeid verbonde is en ’n vloek daaroor gebring het.

Daardie sewende dag wat die Israeliet nie mag gewerk het nie was ’n tydelike ontheffing van die vloek wat daar op sy arbeid rus. Soos die baie diereoffers het ook hierdie een dag se rus in die week dieselfde heenwysing gehad. Alles was skaduwees wat heenwys en verlang na wat eendag as algehele verlossing ons geskenk mag word. As die Israeliet op

die Sabbat sou werk dan het hy eintlik te kenne gegee dat hy die vloek bo die beloofde verlossing verkies.

Christus het gekom en Hy het die skaduwees weggeneem. Alles wat as skaduwees na Hom heengewys het is nou vervul. Christus het ons verlos van die sonde en ook van die vloek van die sonde soos dit ook in ons arbeid tot openbaring kom. Daar het nou iets groot gebeur, ’n groot omruiling, werklik die plaasvervanging in Christus gaan sover, in die plek van ons arbeid wat die vloek gedra het word die seën van Christus nou ons arbeid ingedra. Dit is waarom Paulus in Christus dit sê dat ons *arbeid in die Here is nie tevergeefs nie* (1 Kor15:58). Ons arbeid kry nou ewigheidsbetekenis.

Christus verwerf vir ons die eintlike rus waarna in die vierde gebod verwys word. Die Sabbatsgebod is volmaak vervul. Dan ook wel in so ’n mate is die 4de gebod in sy Ou-Testamentiese vorm vervul dat dit daarom ook verval het. Om as nuwe- Testamentiese gelowige nou hierdie gebod te verstaan moet ons dit verstaan soos die Kategismus dit doen. Ons verstaan dit vanuit die volbragte werk van Christus, vanuit die vervulling wat daar in Christus is.

In Christus is die groot saak nie nou meer die uiterlike rus wat daar gesien moet word op die een dag van die week nie en so vir een dag jou daaglikse werk na te laat nie, maar in plaas van die uiterlike rus is daar nou veel eerder ’n innerlike rus in die wete , my sonde is versoen en ek het vrede met God deur ons Here Jesus Christus (Rom 5:1). Die woordjie *RUS* se betekenis het eintlik verbreed en verdiep! In al die dinge wat jou lewe onrustig maak sal dit nie help jy gryp maar na een dag van die week om te rus nie, maar nou hoor ons wat Christus vir ons sê. Ook as die sonde jou lewe so onrustig maak- *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee* (Matt 11:28). Watter heerlike betekenis dra hierdie uitnodiging saam!

As dit dan Sondag is en ek vier eintlik die vierde gebod, dan vind ons die ware rus: die rus van die sonde in en deur Christus – en hierdie eerste dag se viering staan aan die begin van die week, sodat ek die res van die week kan ingaan deur al die dae van die

week, maar op die einde al die dae van my lewe van my bose werke kan rus. Ons moet die sonde wil nalaat. As dit ons gesindheid en strewe is sal ons die ewige rus binnegaan wat vir die volk van God weggelê is.

Daarom sal ons op Sondag ons nou reeds in die Here wil verbly en kan ons op hierdie dag ons in die Here verlustig. Op die dag laat ons, ons gewone werksaamhede agter, nie om meer te rus van die vloek van die sonde wat daar aan ons arbeid verbonde is nie, maar veel eerder om op ’n heel besondere wyse met Christus as die Rusbringer en die verlossing in en deur Hom besig te wees. Ons kan dan verder die week lewe uit die krag wat ons op Sondag kry.

Daar is ’n feesprogram wat in Sondag 38 staan. Om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, om die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee. Hier is 4 hoofdele! God se werke staan eerste, daarom hoort die eerste twee bymekaar. Die Woord en die sakramente. In wat God gee en in God se werk kom nou ook die mens se goeie werke. Die mens wat kan bid en die mens wat liefderyk sy hand na sy naaste kan oopmaak, die gebede en die liefdegawes hoort in Sondag 38 ook weer onlosmaaklik bymekaar. Die feesprogram gee die grondslag vir wat ’n erediens is en veronderstel is om te wees. Die Here kom met ons saam. Dit is ’n ontmoeting met God Self, tussen God en sy volk. Die Here gaan aan die werk in die erediens en hoe besonder op die dag wat Hy vir Hom afgesonder het. ’n Uitverkore volk kan hierdie uitverkore dag nie mis nie.

Waar God ons nie net by Christus inlyf nie, maar ons word ook as ewige feesgenote op God se dag ingelyf, mag ons, ons verantwoordelikheid nie versaak nie. Dit is brutale ondankbaarheid. My kerklike bydrae of dan nou my dankoffer staan as vereiste by die vierde gebod ingeskryf. Dit gaan om instandhouding van die erediens, instandhouding van die christelike skole. Die kerke en die skole kan nie bly bestaan as daar nie finansieel ook daarvoor voorsiening gemaak word nie. Om nie ’n kerklike bydrae te gee nie, of om te dink ek sal gee soos ek wil en wanneer ek wil, is ’n gesindheid wat nie strook

ooreenkomstig die 4de gebod wat ons in Sondag 38 bely nie. So iemand is besig om met die rus in Christus te peuter.

Terwyl ’n werklik dankbare mens die ewige sabbat reeds in hierdie lewe begin. Sy fees duur voort om hom/haar ook in die week in die Here te verlustig omdat hulle dit op Sondae op so ’n besondere wyse kon doen. As jy leef vanuit die oorwinning van Christus dan het vir jou die ewige rusdag alreeds ’n aanvang geneem. Die Kategismus sê dit so duidelik. **Ek moet die Here deur sy Gees in my laat werk…**Watter voorreg om te mag weet die Sabbat kon Sondag word, omdat God se skeppingswerk reeds in sy herskepping oorgegaan het. God het ons reeds verlos om die Sabbat as ’n vrye volk en nie ’n slawevolk te vier nie. Dit is wat God se herskepping insluit en wat elke Sondag ook insluit.

AMEN

Vrae uit Sondag 38:

1. Op watter wyse staan Sondag 32 en Sondag 38 aanmekaar verbind?
2. Is Sabbatsviering is skeppings instelling of het dit eers na die sondeval nodig geword?
3. Wat beteken die woord “sabbat”?
4. Wat beteken die sabbat as verbondsteken vir die mens?
5. Wat is die twee dinge wat altyd met die sabbat saamgaan? Vgl. p1 par 3.
6. Op watter wyse het die sondeval die ware betekenis van die sabbat beïnvloed?
7. Watter betekenis het die koms van Christus vir die sabbat teweeggebring?
8. Kan die sabbatswet weer in ons harte geskrywe word? Motiveer
9. Is die Sondag daar om jou verbied om sekere werke te doen of is daar juis sekere werke wat op Sondag gedoen moet word?
10. Watter aspek van jou as jongmens se lewe word deur Sondag 38 direk aangespreek?
11. As Sondag ’n verbondsdag is watter betekenis het dit vir die verbondsjeug? Hier moet ons die vierde gebod ook met die vyfde gebod vergelyk. Wat lei jy hieruit af?
12. Kan enige skool sy bestaan van die 4de gebod losmaak?
13. Hoe moet ons die woorde in die Kategismus verstaan as ons bely dat *die ewige sabbat reeds in hierdie lewe kan begin?*
14. Wat is die 4 hoof dinge waar dit vir ons op die Sondag oor moet gaan? Hoe moet ons hierdie 4 dinge saamlees en indeel?
15. Is daar ’n wesentlike verskil in hoe Israel in die Ou Testament die Sabbat *onderhou* het en hoe ons nou in die Nuwe Testament die Sondag moet *vier*? (NS: Let wel op die aksentverskil om sabbat te onderhou en Sondag te vier!)
16. Wat is die mens se grootste “rusvreter”?
17. Watter belangrike woorde staan daar vir ons in 1 Kor. 15:58?

18. Wat is nou die belangrikste- ons uiterlike rus of innerlike rus?
19. Watter betekenis het dit nou om op die Sondag jou gewone werksaamhede na te laat?
20. Watter verband is daar tussen Sondag 38 en ons kerklike bydraes (dankoffers)?
21. Watter gesindheid leef daar eintlik in ’n mens wat geen kerklike bydraes gee nie?